

Dinsdag 5 September

Skrifgedeelte: Matteus 26:26-30; Johannes 6:53-58

Fokusgedeelte: Matteus 26:26, 28; HK Sondag 29, Vraag 78

Christus se teenwoordigheid in die nagmaal – 2

Hoewel Christus nie in die nagmaal teenwoordig is nie, deurdat die brood en die wyn in sy liggaam en bloed verander soos die RKK sê nie, neem dit nie in die minste weg nie dat Christus wel konkreet en werklik in die nagmaal teenwoordig is deur sy Gees.

Wat is die betekenis van die brood en die wyn dan? Die brood en wyn verteenwoordig die liggaam en bloed van Christus, maar dan so dat Hy self aan die tafel van die Here aan die nagmaalsgangers die brood en die wyn gee om hulle so deel te laat kry aan sy liggaam wat gebreek is en sy bloed wat vergiet is. Dit is dus nie die brood en die wyn wat deur 'n bonatuurlike krag die teenwoordigheid van Christus tot stand bring nie, maar net die omgekeerde: omdat Christus deur sy Gees waarlik by die nagmaal teenwoordig is, bring Hy deur die brood en wyn wat aan die nagmaalsgangers gegee word, die gemeenskap met Hom en sy lyding en sterwe tot stand.

Die sekerheid dat ons met die brood werklik die liggaam van Christus eet en met die beker werklik sy bloed drink, lê dus nie in die eet en drink as sodanig nie, maar in die feit dat ons hierdie tekens *uit die hand van Christus ontvang*. Dit is Christus wat oor sy liggaam en bloed beskik. As Hy ons verseker dat ons in die brood sy liggaam en in die beker sy bloed ontvang, dan is dit hierdie versekering wat die nagmaal vir ons 'n geestelike werklikheid maak.

Die teenwoordigheid van Christus deur sy Gees by die nagmaal moet ons nie tot 'n teenwoordigheid bloot in ons gedagtes en verbeelding vervlak nie. Dit is net andersom: omdat Christus daadwerklik by die nagmaal teenwoordig is, moet ons met konsentrasie en inspanning ons gedagtes en denke op Hom rig. Daarom kan daar ook in die hartverheffing in die nagmaalsformulier gesê word: “Verhef u harte tot Jesus Christus, ons Voorspraak aan die regterhand van die hemelse Vader, en wees verseker dat die Heilige Gees u net net so seker met Jesus se liggaam en bloed versterk as wat u die tekens van brood en wyn tot sy gedagtenis ontvang.”

Christus is werklik en kragdadig teenwoordig in die nagmaal deur die Heilige Gees. Deur die Gees gee Hy Homself en al die weldade wat Hy vir ons verwerf het, aan ons. Deur sy Gees stort Hy nuwe lewenskrag in ons uit. Deur sy Gees laat Hy ons in die woorde van Jakob van die nagmaal sê: Waarlik, die Here is op hierdie plek (Gen. 28:16).